
Sitrus Aanplanting Bestuur

5 Boord
Rekordhouding

Leergids


citrus
academy

Kopiereg ©

citrus-
akademie

Posbus 461, Hillcrest, 3650
(031) 765-3410

 **cri** citrus
research
international

 **Citrus
Growers'
Association**
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!

© Citrus Academy NPC
1st uitgawe 2017

Die inhoud van hierdie module is gebaseer op audiovisuele opleidings materiaal wat deur die Sitrus Akademie geproduseer is.

Draaiboek:
Mooipraatjies

Aanbieder:
Mariëtta Kruger

Oudiovisuele produksie:
Media World

Addisionele inligtingsbronne:

Produksieriglyne vir Uitvoersitrus: Deel I – Verbouing van Sitrus: Vestiging, *Citrus Research International*
Cultivar Fact Sheet, *Citrus Research International*

Sitrus Akademie produksie opleidingsmateriaal:
Enterprise Selection and Establishment
Orchard Establishment
Propagation

Project koördineerder:

Sitrus Akademie (Jacomien de Klerk)



Vrywaring

Met die aanvaarding van hierdie dokument en die inhoud daarvan stem u in dat u tot die voorwaardes van hierdie vrywaring verbind is.

U gebruik die inhoud van hierdie dokument uitsluitlik op eie risiko. Nóg die Sitrus Akademie, nóg Citrus Research International (CRI), nóg die Sitrusprodusentevereniging (Citrus Growers' Association – CGA) waarborg dat die inhoud van hierdie dokument geskik is vir u beoogde gebruik, of dat dit sonder onakkuraathede en weglatings is. Die menings en raad wat in hierdie dokument uitgespreek word, is nie noodwendig dié van die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA nie. Die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs kan nie verantwoordelik gehou word vir verlies of skade van enige aard wat gely word as 'n direkte of indirekte gevolg van die gebruik, of die onvermoë om gebruik te maak, van enige raad, mening en / of inligting wat in hierdie dokument vervat is nie, of enige doelbewuste of onbewuste wanvertolking, wanvoorstelling of weglating in hierdie dokument, nie.

U vrywaar die Sitrus Akademie, die CRI en die CGA van enige eis deur enige derde party teen die Sitrus Akademie, die CRI of die CGA, hulle direkteure, amptenare, werknemers, agente of kontrakteurs voortspruitend uit, of in verband met die gebruik van, of vertroue in die inhoud van hierdie dokument. Dit is u verantwoordelikheid om te die geskiktheid al dan nie, van die beoogde gebruik van die dokument te bepaal.

Inhoud

Inleiding	4
Die belang van rekordhouding	4
Boom Sensus Rekords	4
Ander Rekords	6
Ten slotte	6



Inleiding

Nou dat die harde werk klaar is en die boord is geplant, begin die lang werk om die boord te bestuur. Gedurende die volgende agtien tot dertig jaar sal ons die boord moet versorg, bestuur en monitor, om seker te maak dat die boord 'n goeie volume kwaliteit vrugte produseer

Vir die eerste paar jare sal die jong boompies mooi versorg moet word om te verseker dat hulle goed groei en bemerkbare vrugte so gou moontlik produseer. As ons aanneem dat al jou kulturele praktyke in plek is en dat jy al die nodig pes en siekte beheer maatreëls getref het – konsulteer die CRI's se Sitrus Produksie Riglyne waar nodig – dan behoort die boompies binne drie tot vier jaar te begin produseer.

inligting

Produksie praktyke

Vir meer inligting oor korrekte kulturele praktyke sowel as pes en siekte beheer maatreëls, kan jy die CRI se sitrus produksie riglyne (www.cri.co.za) raadpleeg. Produksie leer materiaal in die vorm 'n reeks van oudio-visuele DVD kan ook bestel word van die Sitrus Akademie, of afgelaai kan word in pdf-formaat van die webwerf: www.citrusacademy.co.za

Die belang van rekordhouding

Om te voldoen aan die akkrediasie vereistes van sisteme soos GlobalGAP, moet jy rekords hou van 'n wye reeks van produksie praktyke. Die rekords vorm alreeds 'n goeie basis vir die tipe boord rekords wat 'n effektiewe bestuurs apparaat maak. Maar dit vereis dat jy rekordhouding meer as net 'n akkrediasie vereiste sien maar meer as 'n belangrike bestuurs funksie.

definisie

GlobalGAP

GlobalGAP is 'n internasionaal erkende stel van plaas standarde toegewy aan goeie landbou praktyke (GAPING). Deur sertifisering, produsente demonstreer hul nakoming van GLOBALGAP-standaarde.

Boom Sensus Rekords

Sentraal tot die rekordhouding wat belangrik is vir effektiewe boordbestuur is die boom sensus. 'n Boom sensus is 'n akkurate telling van hoeveel bome daar in elke boord op die plaas is, en sluit details in van die kultivar, onderstok en plant jaar van elke boord blok. Buiten dat dit 'n nodige vereiste is en 'n handige bestuurs apparaat moet boom sensus informasie met die Sitrus Kwekersvereniging (GCA) jaarliks gedeel word. Dit laat die CGA toe om tred te hou van die plant van kultivars, per area, per provinsie en in die hele land. Dit laat hulle ook toe om langtermyn vooruitsig modelle te ontwikkel, wat huidige plant data

kombineer met data omtrent die verkoop van okuleerhout by die Sitrus Grondvesblok om die plant area en die produksie per kultivar vir die volgende tien tot vyftien jaar te voorspel.

Dit mag aanloklik wees om te dink dat die boom sensus gedoen kan word sodra die bokke geplant is, en om dan aan te neem dat dit akkuraat sal bly vir die lewensduur van die boord. Dit is egter nie 'n veilige aanname om te maak nie. Om die kaart en plan te hou wat jy ontwikkel het terwyl jy die nuwe sitrus boord ontwerp het, is 'n goeie begin, maar dit kan nie die einde wees nie. Dinge gebeur met bome in boorde, en dit behoort genoteer te word wanneer daar ook al beduidende boom verliese plaasvind, of as dooie bome vervang word. Om veilig te wees, is dit goed om die boom sensus na te gaan ten minste elke drie jaar deur die bome fisies te tel

As jy vir een of ander rede nie rekords het van toe die boord geplant is nie, is dit belangrik dat jy hierdie rekords bymekaar moet probeer sit. Hopelik sal jy darem ten minste 'n kaart hê van die plaas met genommerde boorde en die grote van die blokke in hektaar. As jy nie eers dit het nie, moet jy 'n kaart by die landmeter kantoor kry, of een laat optrek. 'n Landmeter sal ook die boord areas vir jou kan meet. As jy weet hoe groot 'n boord blok is dan kan jy die boom spasiëring gebruik om uit te werk hoeveel bome daar in die boord geplant is

voorbeeld

Berekening van die aantal bome

As jy weet dat die boom spasiëring ses by drie is (dit beteken dat daar ses meter tussen die rye is en drie meter tussen die boompies in die rye), dan kan jy uitwerk dat daar vyfhonderd-vyf-en-vyftig bome geplant is per hektaar. Per voorbeeld;

- $6\text{m} \times 3\text{m} = 18\text{m}^2$ (wat beteken dat een boom agtien vierkante meter opneem)
- $1\text{ha} = 10,000\text{m}^2$ ('n hektaar is 'n area wat een honderd by een honderd meter beslaan)
- $10,000\text{m}^2 \div 18\text{m} = 555$ (Dit bedoel dat daar in een hektaar van tien-duisend vierkante meter spasie is vir vyfhonderd-vyf-en-vyftig bome as hulle elkeen agtien vierkante meter beslaan.)

Nou-dat jy weet hoeveel bome per vierkante meter geplant kan word, is dit maklik om uit te werk hoeveel bome is elke boord blok is, en op die hele plaas. Dit is 'n goeie idee om jou somme na te gaan deur fisies die bome te tel in ten minste een of twee blokke. Wees ook versigtig om aan te neem dat die boom spasiëring op plaas orals dieselfde is. Dit kan verskil tussen boord blokke, afhangend van kultivars en boord uitleg.

Om vas te stel watter kultivar in boorde geplant is waarvoor jy nie rekords het nie en hoe oud die bome is, is moeiliker. Jou beste kans is om eers meer inligting te probeer insamel. Begin met die individu wat betrokke was tydens die beplanning en ontwikkeling van die boord. Jy kan ook met die kwekery probeer praat wat die bome voorsien het waar hulle miskien nog rekords kan hê van die bome wat hulle verkoop het. As jy nie hierdie informasie kan kry nie is jou laaste opsie om 'n konsultant te nader om te help om die kultivar te identifiseer. Deur die groei gewoontes, rypheidsdatum van die vrugte, en die vrug kenmerke in ag te neem, sal 'n kenner ten minste 'n ingeligte raaiskoot kan maak wat goed genoeg sal wees vir jou doeleinde.

Ander Rekords

Ander rekords wat ons moet hou vir elke boord blok sluit:

- ❖ Produkdir rekords
- ❖ Spruitrekords
- ❖ Weer data
- ❖ Uitslae van jaarlikse blaar monster ontledings en die oeslading rekords wat volumes, interne - en
- ❖ eksterne vrug kwaliteit meet, rypheidsindeks data, uitvoer uitpak persentasie ensovoorts in.

Ten slotte

Jy moet tred hou van wat gebeur in die boorde op jou plaas – onthou altyd jy kan nie bestuur wat jy nie kan meet nie. Daar is baie dinge wat verkeerd kan gaan gedurende sitrus produksie, en om eers uit te vind van 'n gevaar na die skade klaar aan die bome en produksie gedoen is, is dit te laat. Met goeie rekordhouding sisteme, sal jy enige veranderinge vroeg kan sien voordat hulle in probleme verander en die probleem vroeg genoeg oplos.

citrus
academy

